GR. R-2019: VERLOOP VAN AANSOEKPROSES

Aansoekvorms op webtuiste beskikbaar: **16 April 2018**

Aansoekproses open: **19 April 2018 (SLEGS GR. R-2019)**
Ou Adminblok, Laerskool Fairland
(volg pyltjies)
Ingang: Marketstraat
06:00

Aansoekproses sluit: **31 Oktober 2018**

GR. R-2019

Aansoekvorms **MOET** voltooi word en die aansoekproses moet gevolg word (m.a.w. in die ry kom staan) met nodige dokumentasie. **LET WEL:** Dit is slegs 'n aansoekvorm en nie 'n inskrywingsvorm nie. Suksesvolle aansoeke sal per e-pos in kennis gestel word, waarna hul dan aan die einde van Oktober begin November 'n inskrywingsboek sal ontvang en moet voltooi.

Dokumentasie wat benodig word en wat aansoek moet vergesel:

- Afskrif van leerder se geboortesertifikaat
- ID-grootte foto
- Afskrif van leerder se kliniekkaart
- Bewys van woon- en/of werksadres (hang af of u in area woon of werk).
  Huurkontrakte **MOET** gewaarmerk wees
- Afskrif van ID-dokumente van **beide** ouers

Indien bogenoemde dokumentasie **NIE** u aansoekvorm vergesel nie, het u 2 weke kans om dit in te handig. Indien die dokumentasie nie ingehandig word nie, word u aansoek geskrap en moet u die proses van vooraf begin.

KRITERIA:

Vir A-lys:

- Reeds boetie/sussie in Laerskool Fairland **(LET WEL: Proses MOET gevolg word – huidige ouers moenie aanneem omrede daar reeds 'n boetie/sussie in die skool is, die aansoekproses nie nodig is om gevolg te word nie en dat daar plek gehou sal word.)**
- Binne grensgebied woon of
- Binne grensgebied werk.

Vir A-waglys:

- Indien aansoek ontvang word nadat klassies reeds vol is, sal leerder se naam op A-waglys geplaas word (indien aan kriteria vir A-lys hierbo voldoen).

Vir B-lys:

- Voldoen aan geen van bogenoemde kriterium-punte nie.
  Ouers moet asb. self sorg dat hul ook by ander skole aansoek doen ingeval ons nie die leerder by ons kan plaas nie.

/...2

Proses:

- **Hierdie jaar gaan ons die ou adminkantore gebruik vir die inhandiging van die aansoeke.**
- **Alle ouers staan in een ry.**
- **U ontvang 'n nommer vir elke aansoek. Die nommer GAAN verander (hang af of u op A- of B-lys gaan wees). ALLE inligting gaan geverifieer word!**
- **'n Kaart wat Laerskool Fairland se voedingsarea aandui, sal beskikbaar wees by lokaal.**
- **Vir enige navrae in dié verband, stuur e-pos aan karen@lsfairland.co.za.**

Suksesvolle en onsuksesvolle aansoeke sal per e-pos in kennis gestel word (A- en B-lys asook A-waglys). Suksesvolle aansoeke sal deposito moet betaal (bedrag sal later bekend gemaak word) – indien die betaling nie gedoen word nie of reëlings word nie met Karén Reyneke (karen@lsfairland.co.za) getref nie, sal u kind se naam van die lys verwyder word – ongeag of u kind se naam op die A-lys verskyn.

Slegs suksesvolle aansoeke sal per e-pos na inligtingsoggend genooi word.

Alle inligting rakende 2019 bv. klasindeling en ander inligting sal aan ouers per e-pos gestuur word voor of op 15 Desember 2018.

Neem asb. kennis dat ALLE korrespondensie per e-pos gedoen word.